24 Uur
Gebedswaak:
21 Mei 2008

Welkom by hierdie (half)uur van Gebed.

Jesus het sy dissipels in Getsemane gemaan om te waak en bid.

[40]Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: "Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie? [41]Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak."

Die Here vra van ons om vir een uur te waak en te bid.

Stasie 1

Psalm 105:[4]*Soek hulp en beskerming by die Here,* ***soek gedurig sy teenwoordigheid.*** [5]*Julle moet* ***dink aan die magtige dade wat Hy gedoen het****,..*

A. Raak stil voor die Here en soek Sy aangesig. Gebruik die prent heironder en kyk na die verskillende sake van Jesus se lewe wat hierin voorkom. Kyk of jy die volgende kan sien in die prentjie gesig: Josef en Maria met Jesus in die stal, Ster van Bethlehem met engele waarvan een 'n Basuin blaas, Jesus in Getsemane knielend , Jesus aan die kruis. Dink vir 'n paar omblike na en dank God vir Sy liefde. Dank Jesus vir Sy gehoorsaamheid. Dank die Heilge Gees wat by Jesus se hele lewe betrokke was. Loof God Drie-Enig vir Sy magtige verlossingdaad van die kruis, Sy grootheid, genade en goedheid. Bid die Ons Vader Gebed rustig deur. (10 minute)



Persoonlike notas:

Stasie 2

B. Van aangesig tot aangesig met die kruis.

• 'n Tyd van selfondersoek waarin jy die Here vra om enige sonde te openbaar wat 'n dieper wandel met die Here verhinder. Raak eers stil en vra dat die Here deur Sy Gees aan jou sal openbaar maak wat die (sonde) dinge is in jou lewe wat jy moet regmaak. Skryf dit op ‘n stuk papier neer (waardeur jy ‘n streep gaan trek of op skeur nadat jy dit bely het.) Jesus se uitroep aan die kruis “tetelesthai vertaal met dit is volbring” is dieselfde as om te sê dat die skuldbewys is tot niet, dis opgeskeur, ‘n streep is daardeur getrek.Moenie te vinnig ophou nie. Hou aan wag op die Gees se leiding en as daar in jou binneste sake na vor kom skryf dit neer. Moenie dinge onderdruk nie. Dink oor dinge na en bely dan alles voor die Here.

• Skrifte: Kol.2:13-14; Rom.6:6; Gal.2:20; Gal.5:24; Matt.16:24; Jes.1:18.

• Maak 'n verbintenis om jou opnuut aan Hom toe te wy.

• Skrifte: Rom.12:1-2; 2Kor.3:18

Vra die Heilige Gees om jou (opnuut) te salf/te vurvul. Vra Hom dat jy Sy teenwoordigheid nou mag ervaar.

Persoonlike notas:

Stasie 3

B. Die huis van die pottebakker



• 'n Plek waar mense kan kom om 'n kruik of ornament te maak terwyl hulle peins oor God se werk in hulle lewens. Gebruik ook die prentjie.Dink na en vra die Here waarmee Hy besig in jou lewe. Vra vir Hom vir leiding oor wat Hy met jou lewe wil doen. Vra die Heilige Gees om jou openbaar te maak wat die wil van God is vir jou lewe. Skryf alles neer en dan dink jy daaroor na, bid daaroor en vra die Here wat wat jy daaromtrent moet doen. Waarskynlik weet jy al. Maar miskien is daar dinge waaroor jy regtig wonder.

• **Skrifte: Jes.64***:8; [8]U is ons vader, Here, ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werk van u hande.*
Rom.9:21. *[21]Het die pottebakker nie die reg om uit dieselfde klomp klei iets besonders én iets alledaags te maak nie?*

Persoonlike notas:

Stasie 4

D. L.I.G. – Huis (Lewend In Gebed) (10 min)

Soek Sy aangesig en bid vir ongeredde familie, vriende of individue (10min)

1._____2. _____
3._____4. _____
5._____

Skryf die name neer (indien jy dit nog nie gedoen het nie). Bid vir hulle redding, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes. Bid ook vir jou onmiddelike omgewing waar jy bly en vra dat die Here al die Christene wat lou geword het in hulle geloof weer tot bekering sal vernuwe. Spandeer tyd om vir die persoon wie bid in jou geestesoog te sien. Jy bring hom of haar voor die Here se genadetroon en pleit vir hulle by die Here.

- Ons bid ook in besonder vir die groei van die gemeente. Ons bid veral vir groei rondom gebed, selgroepe, erediensbyeenkomste, geestelike verdieping, Bybelstudie en jeug.
- Ons bid dat die Here ons gemeente in hierdie tyd sal oprig deur sy Gees en dat ons gebedsbediening net sterker sal groei.
- Pleit by die Here dat ons 24 Uur Gebedswake regdeur die UAE sal kan vestig en dat mense sal inskakel en bidders word wat die koninkryk deur gebed help groei.

- Vra die Here om vir ons insig en leiding te gee oor hoe ons mense werklik kan help met praktiese hulp om met effektiwiteit te bid en verugde in gebed te vind.
- Ons bid vir meer gebedsgroepe wat gereelde weeklikse gebedsbyeenkomste hou van 19:00 – 21:00 eenmaal per week. Ons dank die Here vir die bestaande gebedsgroepe wat gereeld op Woensdagaande byeenkom
- Ons bid vir al ons ***ander gemeentes in die UAE en die kerk wêreldwyd***
    - Dat gemeentes herstel sal word as huise van gebed vir al die nasies (Jes.56:7; Matt.21:13)
    - Dat gemeentes die Groot Opdrag sal uitvoer – om die Evangelie aan alle nasies te bring (Matt.28:18-20)
    - Dat gemeentes die Groot Gebod sal uitleef – dat hulle na hul gemeenskap op relevante wyse sal uitreik met dade wat getuig van liefde en meegevoel (Matt.22:37-40)
    - Dat die Kerk Woord-getrou sal wees
    - Vir die herstel van verhoudings binne gemeentes en ook tussen plaaslike gemeentes: verdeeldheid, trots, jaloesie, ens.
    - Ons bid in besonder vir moreaand se Global Day Prayer en vra dat die Here se naam groot gemaak sal word en dat daar baie seen op ons saamwees daar sal rus.

Persoonlike notas:

Stasie 5

E. Ek bid vir my huwelik, gesin en familie (10)

Jos 24:15 *Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon*; ***maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.***

Spandeer tyd om jou gesin een vir een aan die Here op te dra. Dink rustig na oor elkeen. Bid vir die sake wat jy oor elkeen ervaar.

Waarvoor om te bid vir gesinne

I. Bid vir die man.

1. Bid dat hy sy vrou sal liefhê soos wat Christus die gemeente liefgehad het. *"Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos wat Christus die kerk liefgehad het en sy lewe daarvoor afgelê het... Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame... hy voed en versorg dit soos Christus met sy kerk doen...* **(Ef.5:25-32).** *"Mans, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie "* **(Kol.3:19).** *"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder"* **(1 Pet.3:7)**.
2. Bid dat die man sy priesterlike taak in die huis sal uitvoer deur geestelik leiding in die huis te neem en vir sy gesin te bid.
3. Bid dat die man die gesag wat die Here aan hom gegee het, reg sal gebruik en dit ook nie aan die vrou sal afstaan nie.
4. Bid dat die man verstandig met sy vrou sal werk. Bid vir die man; vir geduld met sy vrou en vir selfbeheersing t.o.v. sy gesin
5. Bid dat hy sy vrou se behoefte aan liefde, geborgenheid en sekuriteit sal raaksien, saam met al haar ander behoeftes en daaraan aandag sal gee.
6. Bid dat die man die leiding sal neem (geestelik sowel as op sosiale vlak) in die huis en dat hy sy gesin goed sal versorg.

II. Bid vir die vrou.

Stormie Omartian in haar boekie the ***Power of a Praying Husband*** gee die volgende sake. As man bid jy vir jou vrou en julle huwelik dat

1. Love will grow between you and your wife.
2. You and your wife will resist temptation to stray.
3. You will practice mutual respect for one another.
4. The two of you will not live separate lives.
5. You will be friends as well as lovers.
6. You will work together as a team.
7. There will be no divorce in your future.

SHE SAYS ...

Please pray for your wife that:

1. She will understand what submission really is.
2. She will be able to submit in the way God wants her to.

3. She will be completely submitted to God.
4. She will trust God as He works in you (man).
5. You (man) will take your position as spiritual leader.
6. She will trust you to be the head of the family.
7. Submission will not be a point of contention in your marriage.

SHE SAYS ...

Please pray for your wife that:

1. She will remember to put God first.
2. She will take time for you.
3. She will balance her time with the children.
4. She will take needed time for herself.
5. She will be able to create a warm and inviting home.
6. She will always use her time wisely.
7. She will understand what her priorities are.

SHE SAYS ...

Please pray for your wife that:

1. She will know that she is loved by God.
2. She will sense the beauty of the Lord in herself.
3. She will feel loved by you.
4. She will value herself.
5. She will find time to take care of herself.
6. She will know how to make herself more attractive.
7. You will always think she is beautiful.

III. Waarvoor om vir die kinders te bid

1. Bid vir gehoorsaamheid aan en respek vir hulle ouers.
2. Bid vir hulle redding en vir die wat reeds gered is, se geestelike groei.
3. Bid vir hulle fisiese groei, gesondheid en goeie eetgewoontes.
4. Bid vir hulle opvoeding en sportaktiwiteite.
5. Bid vir hulle verstandelike ontwikkeling en vir groei in wysheid en kennis.
6. Bid vir die gesagsfigure wat daagliks met hulle te doen het: onderwysers, sportafrigters, ouers, oupas, oumas, ens.
7. Bid vir hulle sosiale ontwikkeling en vir ‘n rein lewenswandel, sodat hulle tussen reg en verkeerd sal kan onderskei; dat hulle versoekimgs sal kan weerstaan en die regte vriende en vriendinne sal kies.
8. Weerstaan die Bose wat sal probeer om hulle lewens te verwoes.
9. Bid reeds van vroeg af vir hulle vir die regte beroepskeuses.
10. Bid dat hulle God en sy Woord sal liefhê en bid vir hulle vir lewensvreugde.
11. Bid vir die kinders vir die regte en goeie vriende

IV. Algemeen

1. Bid teen die gees van egskeiding, wellus en onreinheid.
2. Bid veral ook teen die volgende dinge en dat die Heilige Gees mense sal oortuig van hierdie sondes en dat hulle hul daarvan bekeer: saamwonery, huweliksontrou, kindermolestering, selfmoord, alkohol- en dwelmmisbruik.
3. Bid teen die betrokkenheid van enige derde party in die huwelik.
4. Bid vir ‘n oop verhouding en goeie kommunikasie in die huwelik.

5. Bid vir diepe sonde-oortuiging en dat man en vrou saam in die lig sal wandel.
6. Bid vir begrip vir mekaar se behoeftes en die vermoë en gewilligheid om in daardie behoeftes te vervul.
7. Bid teen elke vorm van selfsug, gemaksug en eiesinnigheid in die huwelik.
8. Bid dat daar nie misverstande sal wees nie. Die grootste enkele probleem in alle huwelike is misverstande.
9. Wanneer daar spesifieke probleme in ‘n huwelik is, soos bv. jaloesie, drankmisbruik en buite-egtelike verhoudings, moet daar vir daardie sake spesifiek gebid word.
10. Bid vir die ouers vir die opvoeding en hantering van hulle kinders.
11. Bid vir vergewensgesindheid, dat huweliksmaats die verlede sal vergeet en mekaar sal kan vergewe vir dinge wat in die verlede gebeur het.
12. Bid vir wewenaars, weduwees en paartjies wat nie kinders kan hê nie. Ook vir kinders sonder ouers en kinders in weeshuise. Bid vir die alleenlopers en eensame mense wat verlang na die geborgenheid van ‘n gesin.
13. Bid vir kinders wat van hulle ouerhuise weggeloop het en vir kinders met vriende wat ‘n slegte invloed op hulle het.

Persoonlike notas:

Stasie 6
F. Ons bid vir ons gemeente se pad voorentoe

Ons kom soek die Here se aangesig vir ons gemeente in die lig van Jer 33: [2]So sê die Here, Hy wat die aarde gemaak en so gevorm het dat dit nie wankel nie, wie se Naam Here is: [3]***Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie.***

Dink na oor die gemeente en al die dinge wat ons die gemeente doen en gedoen het. Bid oor die gemeente en vra die Here dat Handelinge 4 'n werklikheid sal word in ons gemeente se lewe

Handeling 4 [29]...*Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig.* [30]*Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus."* [31]*Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.*

Bid Jer 33:3 hierbo en vra die Here om vir jou op die hart te plaas wat sy pad vir die gemeente voorentoe is veral ook die pad op die korttermyn. Volgende ses maande.Skryf dan op papier alles neer wat in jou gemoed opkom. Vra dan vir die Here om duidelik uit te wys wat die prioriteite moet wees. Wil nie asb dit wat die here op die hart gele het na elsgert@gmail.com aanstuur nie?. Dit mag wees dat jy aan niks nuuts kan dink nie en dat die Here net bestaande goed aan jou bevestig. Skryf dit ook neer en stuur aan my by genoemde epos adres.

Persoonlike notas